



**WE OFFER CREDIT! \*\***  
NO DEPOSIT • UP TO 36 MONTHS TO PAY  
T's & C's Apply

**DON'T MISS OUT!**  
CLICK HERE TO VIEW OUR SPECIALS

SHARE YOUR STORY!  
Republikein Add our number to your contacts  
+264811700010

## En as iemand jou 'n Brötchen vra, hom 'n 'bun' gee

Submitted by Republikein on Fri, 2012-11-09 02:00



### DES ERASMUS

Lank gelede het die taalfundi's hier te lande ook stry gekry. Dit gaan om te "umlaut" of nie te "umlaut" nie in die skryfwyse van Lüderitz. Is dit Lüderitz met 'n ?ü" of Luderitz sonder die kolletjies op die u. Desedae lyk dit of die Lüderitz met die ogies op die u gewen het.

In ligter luim is destyds beweer die strydende partye het tot 'n vergelyk gekom deur elkeen 'n bietjie toe te gee. Die ooreenkoms behels toe dat die partye elkander bereik het deur op 'n enkele kolletjie op die u te besluit. 'n Duitse puritein en vriend Bissie is nog nie inskiklik nie. Hy sê dit moet Lüderitzbucht wees, Bucht soos vir baai.

Dit terwyl die enigste Bucht wat ek ken die "grosse Bucht" is. Dis 'n verwysing na 'n ou met 'n boepens. Dis erg, maar darem nie 'n ou met 'n pens soos 'n baai nie.

Na die woord "umlaut", dis nou die kolletjies op die o, die u of die i, word netma (dis al geselsend die woord vir netnoumaar) teruggekeer. Eers moet by Namibië se eie Brötchen stilgehou word. Nou die dag gooi die Taalkommissie van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns 'n ysblok in die rug af met die amptelike erkenning van bretsjen as die Afrikaanse woord vir Brötchen.

Dan kan die genoemde umlaut vir die dotjies op die o seker maar ook "Oom Lat" of "oom lat" genoem word. Met bretsjen word dan net die fonetiese broodjie gegee. Effense begrip bestaan wel vir die dwaling deur die weë wat die geleerdes op die taalpad volg. Dit is dat die Suid-Afrikaners nie eens weet van 'n Brötchen nie. Vra 'n winkelassistent vir 'n Brötchen en jy word met sulke kalfsoë aangegluur. Dan stel jy vas hulle bedoel jy moet 'n "bun" of 'n "roll" vra. Dis g'n Brötchen nie. Dis sulke pap goed wat kluitjies in die mondholtes maak.

Wat my aan my Bonnie laat sê die geleerdes en ongeleerdes van ver oorkant die grense moet nou nie kom krap waar dit nie jouk nie. Leer hul bakkers die dag om ook Brötchen te maak, mag hulle maar na bretsjen verwys.

Namibiese nasietrots op die heimat se skaar loop ook hier te lande dieper as net die "ons sal lewe, ons sal sterwe" van oorkant die Gariep.

Weer spreek Bissie my aan. Daai heimat moet eintlik met 'n H, dis Heimat, wees. Besaais die point, want taaltrots is hier te lande 'n suiwere Afrikaans met so 'n effense Duitse geursel. Ry maar net Boland toe en gesels met die mense van die onderdorp. Gou sal 'n opmerking kom: "Hoor hoe praat hulle".

'n Taal is ook erkentlik. Daarom sal Schutztruppe nooit beskermingsoldate kan word nie. Die bergspitse wat tussen Usakos en Arandis van die teerpad gesien kan word, is die

### BUSSINESS 7 - ISSUE 7

### NUUS

[Nuutste](#) [Gewildste](#)

 **One on One with Ndiitah Nghipondoka-Robiati**

01 06 2016

 **Banking on FNB, BWH**

01 06 2016

 **Oupa herwin met 'n klip**

01 06 2016

 **Lesersfoto's vir 1 Junie 2016**

01 06 2016

 **Pharma sector set for wave of mergers,...**

01 06 2016

 **Mylene en man agter tralies**

01 06 2016

 **Vetgesmeerde blits**

01 06 2016

 **Franco in Bok-groep; Eben, Lood moet nou saam...**

01 06 2016


 **Naspers groei en groei en groei**

01 06 2016

 **Tourism: A rollercoaster ride past shining...**

01 06 2016

### LESERSFOTO'S



### VERWANTE NUUS

### VOORBLAD



Republikein E-Paper

**RAAI DIE EINDTELLING EN WEN!**

**SUPERRUGBY KOMPETISIE**  
RAAI DIE EINDTELLING EN WEN!!!



SLAAN WEER SUPERPRYSE LOS MET SUPERRUGBY  
**KLIK HIER**  
VIR DIE PRYSE, REËLS, BEPALINGS EN VOORWAARDES



-steen nie.

Steeds om die kospotte of uit die oond is die Eisbein waarna die Afrikaanssprekende Suid-Afrikaners verneem wanneer die grense oorgesteek word. Dit is 'n snit varkveis wat op al wat 'n spyskaart is as Eisbein verskyn. Vra vir ysbeen en niemand sal eintlik weet wat bedoel word nie.

En as Boerneef dan maar van die Pramborg mog skryf?

Nou beweeg die Namibiese tale weer deur 'n mooie Germanisme. Dit is die Adventkrans wat nadergetrek word in die aantog na Kersfees. Sondag vir Sondag word een kers aangesteek totdat die dag van die Meester uiteindelik aanbreek. Advent is met respek beklee en is beslis nie aanloop- of aantogkerse nie.

Die middaguur het aangebreek en ek gaan vir my 'n Brötchen koop. Beslis nie 'n "bun" of 'n "roll" nie. Nog minder 'n bretsjen.

**Kategorie:** [Ek sê maar net](#)

Like 0

Drukkervriendelike weergawe

## INTERESSANTE AFDELINGS

[Internasionaal](#)   [Tegnologie](#)   [Afrika](#)   [Motors](#)   [Sport](#)

### Kort nuus

[Noord-Korea voer mislukte missieltoets uit](#)

[Vloede en storms eis vier lewens](#)

[IS teiken Bagdad met bomaanvalle](#)

[Hiroshijima: Die dag toe dood uit die lug geval het](#)



## Partner-Links

[HTML tutorial](#)

[HTML tutorial](#)

[HTML tutorial](#)

[HTML tutorial](#)

[HTML tutorial](#)

[HTML tutorial](#)

[HTML tutorial](#)

[HTML tutorial](#)

## Kategorieë:

<a href="#">Afrika</a>	<a href="#">Infrastruktuur</a>	<a href="#">Menings</a>	<a href="#">Plaaslike Nuus</a>	<a href="#">Sport</a>
<a href="#">Ander</a>	<a href="#">Internasionaal</a>	<a href="#">Mense</a>	<a href="#">Polisie</a>	<a href="#">Tegnologie</a>
<a href="#">Arbeid</a>	<a href="#">Kortnuus</a>	<a href="#">Ministries</a>	<a href="#">Politiek</a>	<a href="#">Toerisme</a>
<a href="#">Bankwese</a>	<a href="#">Kultuur</a>	<a href="#">Misdraad</a>	<a href="#">Regering</a>	<a href="#">Vermaak</a>
<a href="#">Energie</a>	<a href="#">Landbou</a>	<a href="#">Motors</a>	<a href="#">Rubrieke</a>	<a href="#">Vervoer</a>
<a href="#">Gemeenskap</a>	<a href="#">Leefstyl</a>	<a href="#">Omgewing</a>	<a href="#">Sakenuus</a>	<a href="#">Videonuus</a>
<a href="#">Gesondheid</a>	<a href="#">Lesersfoto's</a>	<a href="#">Onderwys</a>	<a href="#">Skole</a>	<a href="#">Visserye</a>
<a href="#">Howe</a>	<a href="#">Maatskaplike</a>	<a href="#">Ongelukke</a>	<a href="#">Spesiale bladsye</a>	<a href="#">Weer</a>

Sien 'n PDF-weergawe van ons koerant se advertensiekostes hier.

ADVERTENSIEKOSTES


Om in te teken op ons koerant volg die skakel.

TEKEN IN

[Home](#)

**Volg ons op:**

**Kontak ons**



## NUUSBRIEF

[Nuusbriëf inskrywing](#)

[Nuusbriëf inskrywing](#)

## RAAKVATTERS

## HOOFAFDELINGS

[TUISBLAD](#)

[HOWE](#)

[LANDBOU](#)

[MISDAAD](#)

[PLAASLIKE NUUS](#)

[MENINGS](#)

[SAKENUUS](#)

[POLITIEK](#)

[KONTAK](#)

[KLEINADVERTENSIES](#)

## SPOTPRENT VIR SEPTEMBER 2015



Spotprent vir 1 Junie 2016

## Ons argief

